Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2018

RELIGIESTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur, voordat dit beantwoord word.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Die lengte van die antwoord moet ooreenstem met die puntetoekenning van die vrae in hierdie vraestel.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Islam en Christendom is sendingsreligieë

1.1 Verduidelik wat met *sendingsreligie* bedoel word. (6)

1.2 Verduidelik kortliks hoe hierdie religieë, Christendom en Islam, na Suid-Afrika gekom het. (14)

1.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Daar is 'n paar verskillende rituele wat tydens die geboorte van 'n kind uitgevoer word.

In die lig van bogenoemde stellings bespreek die rituele van enige TWEE religieë wat tydens 'n geboorte van die kind uitgevoer word. (20)

1.4 Noem en bespreek VYF tipes rituele. (10)
[50]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die historiese ontwikkeling van enige EEN religie. (10)

2.2 Hoe help die konflikteorie om die doel van religie in die samelewing te verduidelik? (10)

2.3 Bespreek religie en die staat onder die volgende hoofde:

2.3.1 Teokratiese staat (10)

2.3.2 Staatsgodsdiens (10)

2.4 Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.

DIE IMPAK VAN RELIGIE OP DIE NATUURLIKE OMGEWING
Religie mag ons leer dat die natuurlike omgewing gerespekteer moet word, maar mens verwerp dit, gee nie gehoor soms of andersins ignoreer dit. Religieë wat die harmonie tussen mense en die res van die wêreld beklemtoon, moedig mense nie aan om die wêreld te vorm nie.
[Bron: *Top klas graad 11*, Shutters and Shutter, bl. 67]

2.4.1 Verduidelik hoe religieë verantwoordelike gedrag ten opsigte van omgewingsvolhoubaarheid moet onderrig. (10)
[50]

VRAAG 3

Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.

Die manier waarop mense die omgewing ervaar, het ʼn groot impak op hoe mense hulself en die godheid verstaan.

3.1 In die lig van bogenoemde stelling bespreek krities met die siening van enige TWEE religieë oor die omgewing. (20)

3.2 Bespreek die siening van enige DRIE religieë oor vermaak, rus en ontspanning. (30)
[50]

VRAAG 4

4.1 Skryf ʼn kort paragraaf om te verduidelik wat jy verstaan van ʼn gestruktureerde onderhoud en gee DRIE riglyne vir die formulering van vrae vir ʼn gestruktureerde onderhoud. (10)

4.2 Verduidelik waarom Suid-Afrika as ʼn sekulêre staat beskou kan word. (20)

4.3 Bespreek kortliks die bydrae wat elk van die volgende godsdienstige organisasies kan maak om die kwaliteit van die lewens van mense in die wêreld te verbeter.

4.3.1 Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (10)

4.3.2 Wêreldraad van Kerke (10)
[50]

VRAAG 5

5.1 Bespreek krities die volgende tipes dialoë:

5.1.1 Dialoog van aksie (10)

5.1.2 Dialoog van die lewe (10)

5.2 Verduidelik die woord *massamedia* en bespreek hoe dit tot die verspreiding van religie kan bydra. (10)

5.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Dwelmmisbruik, genadedood en omgewingskwessies is die groot uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar.

In die lig van bostaande stelling bespreek slegs EEN sosiale probleem.

5.3.1 Verduidelik die oorsake van die sosiale probleem. (12)

5.4.2 Bespreek die maniere hoe religieë kan ingryp in die stryd teen die sosiale probleem wat jy gekies het. (8)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou